NLT

NASIONALE LUSERN TRUST

Registrasie nommer: IT 3950/97 | BTW nommer: 442 016 8660
Tel : +27 (0)44 272 8991 | Faks: +27 (0)44 279 2838
Adres : 152 St John Straat • Oudtshoorn • 6625 | Pos Adres : Posbus 185 • Oudtshoorn • 6620
Epos : lusern@mweb.co.za | Webtuiste : www.lusern.org

GPS: 33°35'24.56"S 22°12'01.03"E

# NASIONALE LUSERNHOOI GRADERINGS- EN KWALITEITSKEMA (NLT SKEMA)

## AANSOEK OM REGISTRASIE EN/OF AKKREDITASIE

**BESONDERHEDE VAN AANSOEKER**

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Naam van boerdery/besigheid/instansie | | | | | | | | | | | | | |
| BTW nommer | | | | | | | | | | | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Straatadres: | | Posadres: | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Naam van kontak persoon | | | | | | | | | | | | | |
| Telefoonnommer: | + | 2 | 7 | (0) | | | | | | | | | |
| Selfoonnommer: | + | 2 | 7 | (0) | | | | | | | | | |
| Faksnommer: | + | 2 | 7 | (0) | | | | | | | | | |
| Epos-adres | | | | | | | | | | | | | |

NLT

NASIONALE LUSERN TRUST

Registrasie nommer: IT 3950/97 | BTW nommer: 442 016 8660
Tel : +27 (0)44 272 8991 | Faks: +27 (0)44 279 2838
Adres : 152 St John Straat • Oudtshoorn • 6625 | Pos Adres : Posbus 185 • Oudtshoorn • 6620
Epos : lusern@mweb.co.za | Webtuiste : www.lusern.org

GPS: 33°35'24.56"S 22°12'01.03"E

## AANSOEK OM REGISTRASIE EN/OF AKKREDITASIE

Tipe aansoek: Lusernhooi-produsent ☐ Lusernhooi-handelaar ☐ Lusernhooi-verwerker ☐
NIR-instrument eienaar ☐ Netwerk-kontroleerder ☐

NIR-instrument eienaars kan eers akkrediteer indien betrokke NIR-instrumente ook geregistreer is. Aansoekers sal geakkrediteer word op die voorwaardes hierby aangeheg. Kyk asseblief daarna en indien op u van toepassing, verskaf enige besonderhede wat verlang word. Deur ondertekening van hierdie aansoekvorm en by voldoening aan die voorwaardes op u van toepassing, sal die NLT u by die Skema akkrediteer. By akkreditasie word die bepalings van die Skema bindend op u en u onderneem hierby om aan die bepalings daarvan te voldoen, tot u bedank of u lidmaatskap getermineer word. Dit sluit die betaling van toepaslike heffings en fooie in.

## REGISTRASIE VAN NIR-INSTRUMENTE

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Fabrikaat van instrument | | | | | | | | | | | | | |
| Reeksnommer | | | | | | | | | | | | | |

Die voortdurende registrasie van NIR-instrumente is onderhewig daaraan dat die jaarlikes registrasiefooie op datum is.

## AKKREDITASIE, REGISTRASIE FOOIE EN STATUTERE HEFFINGS

| Akkreditasie | Aansoek + Eerste Jaar | Jaarliks |
|---|---|---|
| NIR-instrument eienaar | R500.00 per persoon per jaar | R250.00 per persoon per jaar |
| Netwerk-kontroleerder | R500.00 per persoon per jaar | R250.00 per persoon per jaar |
| Produsent, handelaar en verwerker | R500.00 per persoon per jaar | R250.00 per persoon per jaar |

NLT

NASIONALE LUSERN TRUST

Registrasie nommer: IT 3950/97 | BTW nommer: 442 016 8660
Tel : +27 (0)44 272 8991 | Faks: +27 (0)44 279 2838
Adres : 152 St John Straat • Oudtshoorn • 6625 | Pos Adres : Posbus 185 • Oudtshoorn • 6620
Epos : lusern@mweb.co.za | Webtuiste : www.lusern.org

GPS: 33°35'24.56"S 22°12'01.03"E

| NIR-instrumente | Aansoek + eerste jaar | Jaarliks |
|---|---|---|
| NIR-instrument eienaars | R3000.00 per instrument per jaar | R3000.00 per instrument per jaar |

| Statutêre heffings | Betaalbaar deur | Kostes |
|---|---|---|
| Lusernhooi wat nie deur 'n NIR-instrument geanaliseer is nie | Die eerste lusernhooi-handelaar, en mag verhaal word van die persoon van wie die betrokke lusernhooi verky is | R4.00 per ton |
| Lusernhooi wat deur 'n NIR-instrument geanaliseer is nie | Deur die eienaar van die NIR-instrument, en mag verhaal word van die persoon wat die betrokke lusernhooi gestuur het vir analise. | R6.00 per ton |

Handtekening van aansoeker: _____ Datum: _____

NLT

NASIONALE LUSERN TRUST

Registrasie nommer: IT 3950/97 | BTW nommer: 442 016 8660
Tel : +27 (0)44 272 8991 | Faks: +27 (0)44 279 2838
Adres : 152 St John Straat • Oudtshoorn • 6625 | Pos Adres : Posbus 185 • Oudtshoorn • 6620
Epos : lusern@mweb.co.za | Webtuiste : www.lusern.org

GPS: 33°35'24.56"S 22°12'01.03"E

**OPSOMMING VAN SKEMA VEREISTES VIR AKKREDITASIE EN REGISTRASIE**

***Akkreditasievereistes vir NIR-instument eienaars***

- Die eienaar van NIR-instrumente word by die Skema geakkrediteer, op die volgende voorwaardes:
- Elke NIR-instrument moet per reeksnommer van die betrokke masjien by die NLT geregistreer wees, en elke sodanige instrument moet op 'n jaarlikse basis her-registreer word.
- Elke bykomende NIR-instrument moet by die NLT geregistreer word voordat die betrokke instument vir NLT monster- en ontledingsprosedures gebruik word.
- Elke NIR-instrument wat nie meer gebruik word nie, of wat nie meer deel is van die Skema nie, of van wie die eienaar nie meer deelneem aan die Skema nie, of van wie die eienaar nie voldoen aan die vereistes van die Skema nie, se registrasie verval outomaties en word van die NLT register geskrap.
- Elke NIR-instrument eienaar moet 'n jaarlikse registrasie fooi per masjien soos van tyd tot tyd deur die NLT bepaal, voor of op die registrasie datum betaal ten einde te kwalifiseer vir opgraderings.
- Elke NIR-instrument moet deur 'n netwerk-kontroleerder gediens word: Met dien verstande dat geen netwerk-kontoleerder wat nie by NLT geakkrediteer is deur 'n NIR-instrument eienaar gebruik mag word nie.
- Elke NIR-instrument moet aan 'n netwerk behoort, en elke instrument moet gestandardiseer word volgens die moederinstrument.
- NIR kalibrasies moet deur die geakkrediteerde network kontroleerder gevalideer word ingevolge die prosedures uiteengesit in die Skema.
- Elke NIR-instrument eienaar moet uitskieters identifiseer en stuur na die betrokke netwerk-kontroleerder vir validasie soos uiteengsit in Bylae B tot die Skema.
- Indien 'n NIR-instrument se resultate bevraagteken word, moet 'n monster na die netwerk-kontroleerder gestuur word vir validasie en verdere hantering by die moedermasjien van die betrokke netwerk soos uiteengesit in die Skema
- Elke NIR-instrument eienaar moet te alle tye aan die algemene vereistes van die Skema voldoen.

Registrasie nommer: IT 3950/97 | BTW nommer: 442 016 8660
Tel : +27 (0)44 272 8991 | Faks: +27 (0)44 279 2838
Adres : 152 St John Straat • Oudtshoorn • 6625 | Pos Adres : Posbus 185 • Oudtshoorn • 6620
Epos : lusern@mweb.co.za | Webtuiste : www.lusern.org

GPS: 33°35'24.56"S 22°12'01.03"E

***Akkreditasievereistes vir netwerk-kontroleerders***

- Netwerk-kontroleerders moet tot bevrediging van die NLT bewys dat hulle bevoeg en kundig is om as netwerk-kontroleerder kragtens die Skema op te tree.
- Elke netwerk-kontoleerder moet ringtoetse doen volgens die prosedures soos uiteengsit in Bylae B tot die Skema.
- Elke netwerk- kontroleerder moet uitskieters hanteer volgens die prosedures soos uiteengesit in Bylae B tot die Skema.
- Elke netwerk- kontroleerder moet te alle tye aan die algemene vereistes van die Skema voldoen.

***Akkreditasievereistes vir verwerkers en handelaars***

- 'n Verwerker of handelaar wat by die Skema akkrediteer en 'n NIR-instrument eienaar is moet aan die vereistes van NIR-instrument eienaars voldoen.
- Elke verwerker of handelaar onderneem om die beginsels onderliggend aan die Skema te bevorder en om sover as moontlik net met lusernhooi te handel wat ingevolge die Skema gesertifiseer is of wat ingvolge die Skema gesertifiseer sal word.

***Algemene akkreditasieverseistes***

- Enige geakkrediteerde NIR-instrument eienaar of netwerk-kontroleerder mag geen ander prosedure vir die sertifisering van lusernhooi gebruik as wat van krag is in terme van hierdie Skema nie.
- Die NLT mag sodanige ander akkreditasieverseistes op 'n persoon plaas wat in die besonder of in die algemeen tot voordeel van die Skema en sy deelnemers is.
- Enige persoon wat by die Skema geakkrediteer is het te eniger tyd die reg om enige aspek van die Skema of die toepassing daarvan te bevraagteken, en die NLT moet ten minste een keer per jaar 'n jaarvergadering van alle geakrediteerde persone byeenroep waarop enige sodanige aspekte bespreek word: Met dien verstande dat die Skema onveranderd bly tot tyd en wyl so 'n bespreking plaasgevind het en die besluite wat daardie vergadering mag neem ge-implimenteer is.
- Tydens 'n jaarvergadering sal die NLT die begroting vir die volgende drie jaar, welke begroting die heffing, akkreditasiefooie en registrasiefooie vir die volgende drie jaar insluit, aan alle geakrediteerde persone voorlê vir

bespreking en sodanige begroting sal geïmplimenteer word indien die meerderheid van die geakkrediteerde lede teenwoordig in persoon of by behoorlike volmag ten gunste daarvan stem, en die heffing, akkreditasiefooie en registrasiefooie daarin uiteengesit sal daarna bindend wees op alle persone wat aan die Skema deelneem.

- Vanaf die datum van inwerkingtreding van die Skema sal die fooie in Bylae A tot die Skema uiteengesit geld tot tyd en wyl 'n vergadering vir die eerste keer byeengeop is.

***Verlening van akkreditasie***

- Akkreditasie is nie beperkend nie en die NLT moet 'n persoon of instansie kragtens hierdie Skema akkrediteer indien so 'n persoon aan die vereistes van die Skema voldoen.
- Nieteenstaande bostaande, behou die NLT hom die reg voor om op redelike gronde wat bewysbaar is, akkreditasie te weier.

***Vervalling van akkreditasie***

Akkreditasie verval indien –

- enige gelde aan die NLT verskuldig, vir 'n periode van ten minste 30 (dertig) dae agterstallig is;
- 'n geakkrediteerder persoon skriftelik ten minste een kalendermaand aan die NLT kennis gee dat hy of sy nie langer by die NLT geakkrediteer wil wees nie;
- 'n geakkrediteerde persoon andersins die bepalings van hieride Skema oortree of nie nakom nie.
- Nieteenstaande bostaande, kan die NLT op 'n tydelike of ad hoc basis en op die voorwaardes wat dit in 'n besondere geval bepaal, akkreditasie in stand hou tot tyd en wyl betaling geskied of die bepalings van die Skema nagekom word: Met dien vestande dat die bepaling nie so gebruik mag word om die bepalings van die Skema op 'n permanente basis te omseil nie.

***Registrasie vereistes vir NIR-instrumente***

'n NIR-instrument word by die NLT geregistreer –

- indien dit 'n tipe of maak instrument is wat na die oordeel van die NLT vir doeleindes van die Skema gebruik kan word, en as sodanig goedgekeur is;
- indien die instrument volgens die vervaardiger daarvan korrek funksioneer;
- indien die eienaar daarvan by die NLT geakkrediteer is;
- indien dit gebruik word vir sertifisering ingevolge prosedures wat in die Skema voorgeskryf word;
- indien die registrasiegelde ten opsigte van daardie instrument op datum is;
- indien die instrument streng volgens die bepalings van die Skema gebruik word.

***Vervalling van NIR-instrument registrasie***

Die registrasie van 'n NIR-instrument verval –

- indien die eienaar daarvan nie langer by die NLT geakkrediteer is nie;
- indien die registrsiegelde ten opsigte van daardie instrument agterstallig is;
- indien die instrument nie volgens die bepalings van die Skema gebruik word nie;
- indien die instrument vogens die netwerk-kontoleerder foutief is en die eienaar daarvan geen stappe doen om dit te korrigeer nie;
- indien die eienaar versoek dat die registrasie van die instrument geskrap word.

***Akkreditasie- en registrasie fooie***

- Akkreditasie aansoek fooie soos wat die NLT van tyd tot tyd bepaal, is by die aansoek om akkreditasie betaalbaar.
- n Jaarlikse administrasie fooi om akkreditasie in stand te hou, mag deur die NLT opeglê word en is voor of op die verjaarsdag van die akkreditasie van die betrokke NIR-instument eienaar of netwerk-kontroleerder betaalbaar.
- Verskillende akkreditasie en jaarlikse administrasiefooie kan ten opsigte van NIR instument eienaars, netwerk-kontroleerders, verwerkers en handelaars bepaal word.
- Registrasiefooie is by die eerste registrasie van elke NIR-instrument betaalbaar, en mag deur die NLT opgele word jaarliks daarna ten opsigte van elke geregistreerde instrument, en is deur die eienaar daarvan aan die NLT betaalbaar.
- Fooie verskuldig bly verskuldig indien 'n betrokke persoon of instrument se akkreditasie of regstrasie gedurende 'n jaar van aanslag verval, en indien 'n persoon wat van die Skema wil bedank of die registrasie van 'n NIR-instrument wil skrap,

Registrasie nommer: IT 3950/97 | BTW nommer: 442 016 8660
Tel : +27 (0)44 272 8991 | Faks: +27 (0)44 279 2838
Adres : 152 St John Straat • Oudtshoorn • 6625 | Pos Adres : Posbus 185 • Oudtshoorn • 6620
Epos : lusern@mweb.co.za | Webtuiste : www.lusern.org

GPS: 33°35'24.56"S 22°12'01.03"E

nie ten minste een kalendermaand voor die akkreditasie of registrasie verjaardagdatum skriftelik kennis gee dat hy of sy nie langer geakkrediteer wil wees nie, of dat 'n NIR-instrument nie langer geregistreer moet wees nie, bly sodanige akkreditasie of registrasiegelde betaalbaar vir die daaropvolgende jaar.

- Fooie reeds betaal word aan die NLT verbeur en is nie tergubetaalbaar nie (hetsy gedeeltelik of in geheel) tensy die NLT in verdienstelike gevalle anders bepaal.